**Departement van Publieke Inligting**

# HANDVES VAN DIE VERENIGDE VOLKE EN STATUTE VAN DIE WêRELDHOF

VV Inligtingsentrum • Windhoek • Namibia

# Inhoudsopgawe


Handves van die Verenigde Volke ........ 1
Doelwitte en beginsels ........ 3
Lidmaatskap ........ 5
Agentskappe ........ 7
Die Algemene Vergadering ........ 7
Die Veiligheidsraad ........ 14
Vreedsame skikking van dispute ........ 19
Aksie met betrekking tot bedreigings vir die vrede, versteuring van die vrede en aggresiewe dade ........ 22
Plaaslike reëlings ........ 28
Internasionale ekonomiese en sosiale samewerking .. 30
Die Ekonomiese en Sosiale Raad ........ 32
Verklaring rakende nie-self-regerende gebiede ........ 38
Internasionale Voogdy Sisteem ........ 40
Die Voogdyraad ........ 45
Die Wêreldhof ........ 48
Die Sekretariaat ........ 50
Allerlei voorwaardes ........ 52
Tydelike sekuriteitsmaatreëls ........ 53
Wysigings ........ 54
Bekragtiging en ondertekening ........ 56

Statute van die Wêreldhof ........ 58
Organisasie van die Hof ........ 58
Bevoegdheid van die Hof ........ 72
Prosedure ........ 76
Raadgewende opinies ........ 84
Wysiging ........ 87

# INLEIDING

Die Handves van die Verenigde Volke is op 26 Junie 1945 in San Fransisco, aan die einde van die Verenigde Volke Konferensie oor Internasional Organisasie geteken, en is op die 24ste Oktober 1945 bekragtig. Die Statute van die Wêreldhof is 'n integrale deel van die Handves.

Wysigings aan Artikels 23, 27 en 61 van die Handves is op 17 Desember 1963 deur die Algemene Vergadering aanvaar en op 31 Augustus 1965 bekragtig. 'n Verdere wysiging aan Artikel 61 is deur die Algemene Vergadering op 20 Desember 1971 aanvaar, en op 24 September 1973 bekragtig. 'n Wysiging aan Artikel 109, aanvaar deur die Algemene Vergadering op 20 Desember 1965, is op 12 Junie 1968 bekragtig.

Die wysiging aan Artikel 23, vergroot die lidmaatskap van die Veiligheidsraad van elf na vyftien. Gewysigde artikel 27 bepaal dat besluite van die Veiligheidsraad rakende prosedure deur 'n meerderheidstem van nege lede geneem word (voorheen sewe) en oor alle ander aangeleenthede deur 'n stem van nege lede (voorheen sewe), insluitende die stem van die vyf permanente lede van die Veiligheidsraad.

Die wysiging aan Artikel 61, wat op 31 Augustus 1965 in werking getree het, het die lidmaatskap van die Ekonomiese en Sosiale Raad van agtien na sewe-en-twintig vergroot. Daaropvolgende wysigings aan die Artikel, wat op 24 September 1973 in werking getree het, vergroot die ledetal van die Raad van sewe-en-twintig na vier-en vyftig.

Die wysiging aan Artikel 109, wat verband hou met die eerste paragraaf van daardie artikel, bepaal dat 'n Algemene Konferensie van Ledestate gehou kan word met die doel om die Handves te hersien, op 'n datum en plek bepaal deur 'n twee-derdes stem van die lede van die Algemene Vergadering en deur 'n stem van enige nege lede (voorheen sewe) van die Veiligheidsraad.

Paragraaf 3 van Artikel 109, wat te doene het met die oorweging van 'n moontlike hersienings-konferensie tydens die tiende gereelde sitting van die Algemene Vergadering, word in die oorspronklike vorm gehou in die verwysing na "stem, van enige sewe lede van die Veiligheidsraad" nadat die Algemene Vergadering en die Veiligheidraad op die paragraaf reageer het op sy tiende gereelde sitting.

# Handves van die Verenigde Volke

*ONS, DIE LANDE*
*VAN DIE VERENIGDE VOLKE,*
*HET BESLUIT*

Om die nageslag te red van oorlog, wat tweekeer in ons leeftyd ongekende ellende aan die menseras gebring het en

Om ons geloof in basiese menseregte te beklemtoon, in die waardigheid en waarde van die menslike persoon, in die gelyke regte van mans en vrouens en van alle volke, en

Om omstandighede te skep waaronder geregtigheid en respek vir die verpligtinge wat uit ooreenkomste en ander bronne van internasionale reg, gehandhaaf kan word, en

Om sosiale vooruitgang te bevorder, asook 'n beter lewenspeil in groter vryheid

*EN TEN EINDE HIERDIE DOEL TE BEREIK*

Om verdraagsaamheid teenoor mekaar te hê en in vrede as goeie bure met mekaar saam te woon, en

Om ons mag te verenig om internasionale vrede en stabiliteit in stand te hou, en om

seker te maak, deur die beginsels en metodes te aanvaar, dat gewapende mag nie gebruik sal word nie, behalwe in gemeenskaplike belang, en

Om internasionale metodes vir die ekonomiese en maatskaplike vooruitgang van alle mense, te gebruik,

***HET OOREENGEKOM OM 'N GESAMENTLIKE POGING AAN TE WEND OM HIERDIE DOELWITTE TE BEREIK***

Ons onderskeie regerings, deur middel van verteenwoordigers in San Fransisco, wat hulle volle en regmatige magte gebruik het, het ooreenkoms bereik oor die huidige Handves van die Verenigde Volke en stig vervolgens 'n organisasie wat bekend staan as die Verenigde Volke.

# Hoofstuk I

## Doelwitte en beginsels

### Artikel 1

***Die doelwitte van die Verenigde Volke is:***

1. Om internasionale vrede en stabiliteit te handhaaf en doeltreffende en gemeenskaplike stappe te doen vir die verhindering en verwydering van enige bedreiging van wêreldvrede, en die onderdrukking van agressiewe dade of ander skendings van die vrede, en om op 'n vreedsame wyse en in lyn met internasionale reg, internasionale dispute wat die vrede kan versteur te skik.

2. Om vriendelike bande tussen volke te ontwikkel wat baseer is op respek vir die beginsel van gelyke regte en selfbeskikking van mense, en om gepaste maatreëls te tref vir die handhawing van internasionale vrede.

3. Om internasionale samewerking in die oplossing van internasionale probleme van 'n ekonomiese, maatskaplike, kulturele of menslike aard en in die bevordering en aanmoediging van respek vir menseregte en vir basiese vryheid vir almal te verkry sonder uitsondering as gevolg van ras, geslag, kleur, taal of godsdiens; en

4. Om 'n sentrum te wees vir die harmonisering van die aksies van volke in die verwesenliking van hierdie gemeenskaplike doelwitte.

## Artikel 2

Die Organisasie en sy Lede, ten einde die Doelwitte te bereik wat in Artikel 1 beskryf word, sal volgens die volgende Beginsels optree:

1. Die Organisasie is op die beginsel van soewereine gelykheid van al sy Lede baseer.

2. Alle Lede, ten einde te verseker dat almal die regte en voordele van lidmaatskap geniet, sal in goeder trou hul verpligtinge onder die huidige Handves nakom.

3. Alle Lede sal hul internasionale dispute op vreedsame wyse skik, en op so 'n wyse dat internasionale vrede en stabiliteit en geregtigheid nie bedreig word nie.

4. Geen lid sal in hul internasionale handelinge enige ander staat se territoriale integriteit of politieke onafhanklikheid bedreig of aanval nie, of op enige manier wat strydig is met die Doelwitte van die Verenigde Volke optree nie.

5. Alle Lede sal die Verenigde Volke behulpsaam wees in enige aksie wat volgens die huidige Handves geneem word, en sal geen hulp aan enige staat waarteen die Verenigde Volke

voorkomende of strafmaatreëls geneem het voorsien nie.

6. Die Organisasie sal verseker dat state wat nie lede is van die Verenigde Volke nie, volgens hierdie beginsels optree in so verre dit nodig is vir die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit.

7. Niks in die huidige Handves sal die Verenigde Volke die reg gee om in te meng in sake wat hoofsaaklik binne die plaaslike jurisdiksie van enige staat val nie of van die Lede vereis om sulke sake vir skikking volgens die Handves voor te lê nie, maar die beginsel sal nie die aanwending van dwangmaatreëls onder Hoostuk VII uitskakel nie.

## Hoofstuk II

# LIDMAATSKAP

### Artikel 3

Die oorspronklike lede van die Verenigde Volke is die state wat, nadat hulle aan die Verenigde Volke Konferensie oor Internasionale Organisasie te San Fransisco deelgeneem het, of nadat hulle alreeds die Verklaring by die Verenigde Volke op 1 Januarie 1942 geteken het, die huidige Handves volgens Artikel 110 onderteken en bekragtig.

## Artikel 4

Lidmaatskap van die Verenigde Volke is oop vir alle vredeliewende lande wat die voorwaardes in die huidige Handves aanvaar en, volgens die oordeel van die Organisasie, gewillig en in staat is om hierdie verpligtinge na te kom.

2. Toelating van enige so 'n staat tot lidmaatskap van die Verenigde Volke vind deur 'n besluit van die Algemene Vergadering op aanbeveling van die Veiligheidsraad plaas.

## Artikel 5

'n Lid van die Verenigde Volke teen wie die Veiligheidsraad voorkomende of dwangaksie geneem het, kan tydelik deur die Algemene Vergadering geskors word van die uitoefening van regte en voordele van lidmaatskap, op aanbeveling van die Veiligheidsraad. Die regte en voordele kan deur die Veiligheidsraad herstel word.

## Artikel 6

'n Lid van die Verenigde Volke wat aanhoudend die Beginsels van die huidige handves oortree, kan deur die Algemene Vergadering uit die Organisasie geskors word, op aanbeveling van die Veiligheidsraad.

## Hoofstuk III

# AGENTSKAPPE

### Artikel 7

1. Verskeie takke is as die hoofafdelings van die Verenigde Volke gestig: 'n Algemene Vergadering, 'n Veiligheidsraad, 'n Ekonomiese en Maatskaplike Raad, 'n Voogdyraad, 'n Wêreldhof en 'n Sekretariaat.

2. Sulke liggame kan indien nodig, en ooreenkomstig die huidige Handves geskep word.

### Artikel 8

Die Verenigde Volke sal geen beperkings plaas op die geskiktheid van mans en vrouens om in enige hoedanigheid en in volle gelykheid aan sy prinsipale en subsidiëre agentskappe deel te neem nie.

## Hoofstuk IV

# DIE ALGEMENE VERGADERING

*Samestelling*

### Artikel 9

1. Die Algemene Vergadering bestaan uit al die lede van die Verenigde Volke.

2. Elke lid het nie meer as vyf verteenwoordigers in die Algemene Vergadering.

*Funksies en magte*

## Artikel 10

Die Algemene Vergadering mag enige vraag of aangeleentheid wat binne die owerheid van die huidige Handves val of wat verband hou met die magte en funksies van enige liggaam soos gedek in hierdie Handves, bespreek en, behalwe soos voorsien in Artikel 12, aan die lede van die Verenigde Volke of die Veiligheidsraad of aan beide, oor enige sulke aangeleenthede aanbevelings maak.

## Artikel 11

1. Die Algemene Vergadering mag die algemene beginsels van samewerking in die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit oorweeg, insluitende die beginsels rakende ontwapening en die regulering van wapens, en kan aan die Lede van die Veiligheidsraad of die Veiligheidsraad of albei aanbevelings maak met betrekking tot sulke beginsels.

2. Die Algemene Vergadering mag enige aangeleentheid in verband met die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit bespreek indien die aangeleentheid voorgelê word deur enige Lid

van die Verenigde Volke, of deur die Veiligheidsraad, of deur 'n staat wat nie 'n lid van die Verenigde Volke in terme van Artikel 35, paragraaf 2 is nie, en, behalwe soos beskryf in Artikel 12, mag aan die relevante staat of state, of aan die Veiligheidsraad of aan albei, met betrekking tot enige sulke sake, aanbevelings maak.

Enige aangeleentheid wat aksie vereis sal deur die Algemene Vergadering na die Veiligheidsraad verwys word, hetsy voor of na bespreking.

3. Die Algemene Vergadering kan die Veiligheidsraad omtrent enige situasie wat internasionale vrede en stabiliteit bedreig inlig.

4. Die magte van die Algemene Vergadering soos uiteengesit in hierdie Artikel sal nie die algemeenheid van Artikel 10 beperk nie.

## Artikel 12

1. Terwyl die Veiligheidsraad besig is om die funksies beskryf in die huidige Handves uit te oefen ten opsigte van enige dispuut of situasie, sal die Algemene Vergadering geen aanbevelings maak ten opsigte van daardie dispuut of aangeleentheid nie, tensy deur die Veiligheidsraad versoek.

2. Die Sekretaris-generaal, met die toestemming van die Veiligheidsraad, sal die Algemene Vergadering by elke sitting in kennis stel van enige aangeleentheid rakende internasionale

vrede en sekuriteit wat deur die Veiligheidsraad hanteer word en sal ook die Algemene Vergadering, of die lede van die Verenigde Volke indien die Algemene Vergadering nie 'n sitting hou nie, dadelik in kennis stel sodra die Veiligheidsraad ophou om die aangeleentheid te hanteer.

## Artikel 13

1. Die Algemene Vergadering sal navorsing begin en aanbevelings maak ten einde:

a. internasionale samewerking op politieke gebied en die progressiewe ontwikkeling van internasionale regstelsels te bevorder;

b. internasionale samewerking op ekonomiese, maatskaplike, kulturele, opvoedkundige en gesondheidsgebied te bevorder, en behulpsaam te wees in die verwesenliking van menseregte en fundamentele regte vir almal sonder om op grond van ras, geslag, taal en godsdiens te onderskei.

2. Verdere verantwoordelikhede, funksies en magte van die Algemene Vergadering rakende aangeleenthede beskryf in paragraaf 1 (b) bo word uiteengesit in Hoofstukke IX en X.

## Artikel 14

Onderworpe aan die bepalings van Artikel 12, kan die Algemene Vergadering maatreëls vir die vreedsame skikking van enige saak aanbeveel, ten

spyte van die oorsprong van die situasie, indien dit die aangeleentheid as 'n potensiele bedreiging vir die algemene welsyn van, of vriendelike verhouding tussen nasies beskou. Dit sluit situasies in wat as gevolg van die skending van die bepalings van die huidige Handves wat die Doelwitte en Beginsels van die Verenigde Volke uiteensit ontstaan.

## Artikel 15

1. Die Algemene Vergadering sal jaarlikse en spesiale verslae van die Veiligheidsraad ontvang en hersien; hierdie verslae sal 'n beskrywing insluit van die maatreëls wat deur die Veiligheidsraad getref is om internasional vrede en sekuriteit te handhaaf.

2. Die Algemene Vergadering sal verslae van die ander Verenigde Volke liggame ontvang en hersien.

## Artikel 16

Die Algemene Vergadering sal die funksies onder die internasionale Voogdyskap sisteem uitvoer soos aan dit opgedra oder Hoofstukke XII en XIII, insluitend die goedkeuring van Voogdyskap ooreenkomste vir areas wat nie as strategies beskryf word nie.

## ARTIKEL 17

1. Die Algemene Vergadering sal die begroting van die Organisasie oorweeg en goedkeur.

2. Die uitgawes van die Organisasie sal deur die Lede gedra word, soos voorgeskryf en verdeel deur die Algemene Vergadering.

3. Die Algemene Vergadering sal enige finansiële en begrotingsmaatreëls met die gespesialiseerde agentskappe beskryf in Artikel 57 oorweeg en goedkeur en sal die administratiewe begrotings van sulke gespesialiseerde agentskappe ondersoek ten einde aanbevelings aan die relevante agentskappe te maak.

***Stemprosedure***

## ARTIKEL 18

1. Elke lid van die Algemene Vergadering kry een stem

2. Besluite deur die Algemene Vergadering oor belangrike aangeleenthede sal deur 'n twee-derdes meerderheid van die lede teenwoordig geneem word. Hierdie aangeleenthede sluit in: aanbevelings rakende die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit, die verkiesing van die nie-permanente lede van die Veiligheidsraad, verkiesing van lede van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad,

verkiesing van lede van die Voogdyskap Raad volgens paragraaf 1(c) van Artikel 86, toelating van nuwe Lede van die Verenigde Volke, opskorting van regte en voordele van Lede, aangeleenthede rakende die bedryf van die Voogdy sisteem, en begrotingsaangeleenthede.

3. Besluite oor ander aangeleenthede, insluitend die bepaling van addisionele kategorieë van aangeleenthede wat deur 'n twee-derdes stem besluit word, sal deur 'n meerderheidstem van die lede teenwoordig gemaak word.

## ARTIKEL 19

'n Lid van die Verenigde Volke wat agterstallig is met die betalings van finansiële bydraes tot die Organisasie het geen stem in die Algemene Vergadering indien die bedrag meer of gelykstaande is aan die bydrae van twee volle jaar nie. Die Algemene Vergadering mag egter so 'n Lid toelaat om te stem indien dit tevrede is dat die versuim om te betaal as gevolg van omstandighede buite die Lid se beheer is.

***Prosedure***

## ARTIKEL 20

Die Algemene Vergadering sal gereelde sittings en indien nodig, spesiale sittings hou. Spesiale sittings sal deur die Sekretaris-generaal soos

versoek deur die Veiligheidsraad of die meerderheid van Lede van die Verenigde Volke byeengeroep word.

### Artikel 21

Die Algemene Vergadering sal sy eie reëls van prosedure vasstel. Die Raad sal 'n President vir elke sitting kies.

### Artikel 22

Die Algemene Vergadering kan die afdelings wat nodig is ter uitvoering van sy pligte skep.

## Hoofstuk V

# DIE VEILIGHEIDSRAAD

*Samestelling*

### Artikel 23

1. Die Veiligheidsraad bestaan uit vyftien lede van die Verenigde Volke. China, Frankryk, die Russiese Federasie, die Verenigde Koningkryk en Noord-Ierland, en die Verenigde State van Amerika is permanente lede van die Veiligheidsraad. Die Algemene Vergadering sal tien ander lede van die Verenigde Volke kies om nie-Permanente Lede van die Veiligheidsraad te wees, met spesiale verwysing

na die bydrae van die Lede tot die handhawing van internasionale vrede en stabiliteit en ander doelstellings van die Organisasie, en ook tot eweredige geografiese verspreiding.

2. Die nie-permanente lede van die Veiligheidsraad sal vir 'n termyn van twee jaar verkies word. Tydens die eerste verkiesing van nie-permanente lede na die vermeerdering in ledetal van die Veiligheidsraad van elf na vyftien, sal twee van die vier addisionele lede vir 'n termyn van een jaar verkies word. 'n Lid wat uittree sal nie vir onmiddelike herverkiesing in aanmerking kom nie.

***Funksies en magte***

## ARTIKEL 24

1. Ten einde spoedige en doeltreffende aksie deur die Verenigde Volke te verseker, rus die verantwoordelikheid vir die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit hoofsaaklik by die Veiligheidsraad, en die lede kom ooreen dat die Veiligheidsraad tydens die uitvoering van hierdie pligte in hul belang optree.

2. In die uitvoering van hierdie pligte sal die Veiligheidsraad volgens die Doelwitte en Beginsels van die Verenigde Volke handel.

Die spesifieke magte wat aan die

Veiligheidsraad toegestaan word ter uitvoering van hierdie pligte word in Hoofstukke VI,VII, VIII en XII beskryf.

3. Die Veiligheidsraad sal jaarlikse en indien nodig, spesiale verslae aan die Algemene Vergadering voorlê.

## Artikel 25

Die lede van die Verenigde Volke stem in om die besluite van die Veiligheidsraad te aanvaar en uit te voer, in lyn met die huidige Handves.

## Artikel 26

Ten einde internasionale vrede en sekuriteit te handhaaf, met so min as moontlike gebruik van wapens en die wêreld se menslike en ekonomiese hulpbronne, sal die Veiligheidsraad verantwoordelik wees om planne met behulp van die Militêre Staf Komitee beskryf in Artikel 47 te formuleer. Die planne sal voorgelê word aan die Lede van die Verenigde Volke om sodoende 'n sisteem vir die beheer van wapens uit te werk.

***Stemprosedure***

## Artikel 27

1. Elke lid van die Veiligheidsraad het een stem.

2. Besluite deur die Veiligheidsraad oor prosedurale sake sal deur 'n bevestigende stem van nege lede gemaak word.

3. Besluite van die Veiligheidsraad oor alle ander aangeleenthede sal deur 'n bevestigende stem van nege lede, insluitende die stemme van die permanente lede geneem word, met voorbehoud dat, in besluite onder Hoofstuk VI, en onder paragraaf 3 van Artikel 52, enige party tot 'n dispuuut buite stemming bly.

*Prosedure*

## ARTIKEL 28

1. Die Veiligheidsraad sal op so 'n manier organiseer word dat dit aaneenlopend funksioneer. Sodoende sal elke lid van die Veiligheidsraad te alle tye by die setel van die organisasie verteenwoordig word.

2. Die Veiligheidsraad sal periodiek vergaderings hou waar elkeen van die lede, indien die lid so verlang, deur 'n lid van die regering of deur 'n ander spesiaal-afgevaardigde verteenwoordiger verteenwoordig word.

3. Die Veiligeidsraad kan vergaderings op ander plekke as die setel van die Organisasie hou, indien dit nodig is vir die uitvoering van sy pligte.

## Artikel 29

Die Veiligheidsraad kan die afdelings wat dit nodig ag ter uitvoering van sy funksies skep.

## Artikel 30

Die Veiligheidsraad sal sy eie reëls van prosedure aanvaar, insluitende die metode van verkiesing van President.

## Artikel 31

Enige Lid van die Verenigde Volke wat nie 'n lid is van die Veiligheidsraad nie kan sonder 'n stem deelneem aan die bespreking van enige aangeleentheid wat voor die Veiligheidsraad gebring word indien die Veiligheidsraad besluit dat die belange van die Lid in gedrang is.

## Artikel 32

Enige Lid van die Verenigde Volke wat nie 'n lid van die Veiligheidsraad is nie, indien dit 'n party tot 'n dispuut is wat deur die Veiligheidsraad oorweeg word, sal genooi word om sonder 'n stem aan enige bespreking van die dispuut deel te neem. Die Veiligheidsraad bepaaal die voorwaardes wat dit regverdig ag vir die deelname van 'n staat wat nie 'n Lid is van die Verenigde Volke nie.

# VREEDSAME SKIKKING VAN DISPUTE

## ARTIKEL 33

1. Die partye tot enige dispuut wat die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit bedreig, sal eers 'n oplossing deur onderhandeling, navraag, mediasie, konsiliasie, arbitrasie, geregtelike skikking, verwysing na plaaslike agentskappe of maatreëls, of enige ander vreedsame manier probeer vind.

2. Indien nodig sal die Veiligheidsraad hom op die partye beroep om hul dispuut op sulke maniere te skik.

## ARTIKEL 34

Die Veiligheidsraad mag enige dispuut en enige situasie wat kan lei tot internasionale wrywing of tot 'n dispuut ondersoek om uit te vind of die voortsetting van die dispuut of situasie die handhawing van internasionale vrede bedreig.

## ARTIKEL 35

1. Enige lid van die Verenigde Volke mag enige dispuut of aangeleentheid soos beskryf in

Artikel 34 onder die aandag van die Veiligeidsraad of die Algemene Vergadering bring.

2. 'n Staat wat nie 'n lid is nie van die Verenigde Volke kan enige dispuut waartoe dit 'n party is onder die aandag van die Veiligheidsraad of die Algemene Vergadering bring, solank dit vooraf die voorwaardes van vreedsame skikking beskryf in hierdie hoofstuk aanvaar.

3. Die prosedures van die Algemene Vergadering met betrekking tot aangeleenthede wat onder sy aandag gebring word in terme van hierdie Artikel sal aan die bepalings van Artikels 11 en 12 onderworpe wees.

## Artikel 36

1. Die Veiligheidsraad kan enige tyd tydens 'n dispuut van die aard beskryf in Artikel 33 of tydens enige situasie van soortgelyke aard, geskikte aksie of metodes van wysiging voorstel.

2. Die Veiligheidsraad sal enige prosedures wat alreeds deur die partye geneem is ter skikking van die dispuut in ag neem.

3. Wanneer aanbevelings volgens hierdie Artikel gemaak word, sal die Veiligheidsraad ook in ag neem dat die partye enige geregtelike dispute na die Wêreldhof moet verwys, volgens die bepalings van die Statute van die Hof.

## ARTIKEL 37

1. Indien die partye tot 'n dispuut soos beskryf in Artikel 33 nie daarin slaag om 'n skikking te bereik nie, sal hulle dit na die Veiligheidsraad verwys.

2. Indien die Veiligheidsraad besluit dat die voortsetting van die dispuut die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit bedreig sal dit besluit of dit aksie volgens Artikel 36 gaan neem, en of dit toepaslike maatreëls ter skikking van die dispuut gaan tref.

## ARTIKEL 38

Die Veiligheidsraad kan, indien al die partye tot 'n dispuut dit versoek, met behoud van die bepalings in Artikel 33 tot 37, aanbevelings tot die vreedsame skikking van die dispuut maak.

# AKSIE MET BETREKKING TOT BEDREIGINGS VIR DIE VREDE, VERSTEUR-ING VAN DIE VREDE, EN AGGRESIEWE DADE

## ARTIKEL 39

Die Veiligheidsraad sal die bestaan van enige bedreiging of versteuring van die vrede of aggresiewe daad bepaal, en sal aanbevelings maak, of besluit watter aksie geneem moet word in lyn met Artikels 41 en 42, om internasionale vrede en sekuriteit te herstel en bewaar.

## ARTIKEL 40

Ten einde 'n verslegting van die situasie te vermy, mag die Veiligheidsraad, voordat dit aanbevelings maak of besluit op maatreëls voorsien in Artikel 39, hom op die partye beroep om hulle by tydelike maatreëls te hou. Sulke voorlopige maatreëls sal met behoud van die regte, eise of status van die betrokke partye getref word. Die Veiligheidsraad sal kennis neem van enige versuim om sulke maatreëls na te kom.

## Artikel 41

Die Veiligheidsraad sal besluit watter maatreëls getref gaan word wat nie die gebruik van gewapende magte insluit nie, en kan hom op Lede van die Verenigde Volke beroep om sulke maatreëls na te kom. Dit kan die volledige of gedeeltelike opskorting van ekonomiese bande en van spoorweë, see, lug, pos, telegrafiese en radiokommunikasie, asook die opskorting van diplomatieke bande behels.

## Artikel 42

Indien die Veiligheidsraad besluit dat maatreëls beskryf in Artikel 41 onvoldoende is, of indien die maatreëls geen uitwerking het nie, kan dit deur 'n vloot, lug of weermag, soos nodig ter handhawing van internasionale vrede en sekuriteit, reageer. So 'n reaksie kan demonstrasies, blokkasies en enige ander aksie deur die vloot, lug of landmagte van die Lede van die Verenigde Volke behels.

## Artikel 43

1. Alle Lede van die Verenigde Volke, ten einde by te dra tot die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit, onderneem om indien nodig en volgens 'n ooreenkoms of

ooreenkomste aan die Veiligheidsraad gewapende magte, hulp en fasiliteite beskikbaar te stel, insluitende die reg van deurgang.

2. Sulke ooreenkomste sal die getal en tipes magte voorskryf, asook die graad van gereedheid en algemene ligging, en die aard van fasiliteite en hulp.

3. Die ooreenkoms/te sal so gou as moontlik, op die inisiatief van die Veiligheidsraad onderhandel word. Dit sal tussen die Veiligheids-raad en Lede, of tussen die Veiligheidsraad en groepe van lede gesluit word en sal onderworpe wees aan bekragtiging deur ondertekenende state, volgens hul onderskeie grondwetlike prosedures.

## ARTIKEL 44

Indien die Veiligheidsraad besluit om gewapende mag te gebruik, en voordat 'n Lid wat nie daarop verteenwoordig is nie versoek word om gewapende mag te voorsien ter uitvoering van verpligtinge beskryf in Artikel 43, sal dit, indien die Lid dit vereis, die Lid uitnooi om aan die besluite van die Veiligheidsraad rakende die gebruik van afdelings van die Lid se weermag deel te neem.

## ARTIKEL 45

Ten einde die Verenigde Volke in staat te stel om dringende militêre stappe te doen, sal die Lede

nasionale lugmag afdelings vir gesamentlike internasionale aksie op 'n gereedheidsgrondslag hou. Die grootte en graad van gereedheid van hierdie afdelings, en planne vir hul gesamentlike aksie, sal volgens die beperkinge beskryf in die spesiale ooreenkomste in Artikel 43 deur die Veiligheidsraad in konsultasie met die Militêre Staf Komitee bepaal word.

## ARTIKEL 46

Planne vir die gebruik van gewapende mag sal deur die Veiligheidsraad met die bystand van die Militêre Staf Komitee gemaak word.

## ARTIKEL 47

1. 'n Militêre Staf Komiteee sal geskep word om die Veiligheidsraad by te staan en raad te gee oor alle aangeleeenthede rakende die Veiligheidsraad se militêre behoeftes vir die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit, die gebruik en beheer van magte tot die raad se beskikking, die regulering van wapens, en moontlike ontwapening.

2. Die Militêre Staf Komitee sal bestaan uit die Stafhoofde van die permanente lede van die Veiligheidsraad of hul verteenwoordigers. Enige Lid van die Verenigde Volke wat nie permanent verteenwoordig is op die Komitee nie, sal genooi

word om op die Komitee te dien indien die spoedige uitvoering van die Komitee se pligte die deelname van die Lid vereis.

3, Die Militêre Staf Komitee sal onder die Veiligheidrsaad verantwoordelik wees vir die strategiese beheer van enige weermag wat aan die Veiligheidsraad voorsien is. Aangeleenthede wat verband hou met die beheer van sulke magte sal vervolgens uitgewerk word.

4. Die Militêre Staf Komitee, met die goedkeuring van die Veiligheidsraad en na beraadslaging met die toepaslike streeksagentskappe, kan plaaslike sub-komitees stig.

## ARTIKEL 48

1. Die aksie wat nodig is om besluite van die Veiligheidsraad uit te voer vir die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit, sal deur al die Lede van die Verenigde Volke of deur sommige, soos bepaal deur die Veiligheidsraad, geneem word.

2. Sulke besluite sal deur die Lede van die Verenigde Volke uitgevoer word, direk en deur hul diens in die relevante internasionale agentskappe waarvan hulle lede is.

## ARTIKEL 49

Die Lede van die Verenigde Volke sal

wedersyds hulp verleen om die maatreëls van die Veiligheidraad toe te pas.

## ARTIKEL 50

Indien die Veiligheidsraad voorkomende of dwangmaatreëls teen enige staat neem, sal enige ander staat, hetsy 'n Lid van die Verenigde Volke of nie, wat gekonfronteer word deur spesiale ekonomiese probleme as gevolg van die uitvoer van die maatreëls, die reg hê om die Veiligheidsraad te nader om die probleme op te los.

## ARTIKEL 51

Niks in die huidige Handves sal die inherente reg van individuele of kollektiewe selfverdediging benadeel indien 'n gewapende mag 'n Lid van die Verenigde Volke aanval nie, tot tyd en wyl die Veiligheidsraad stappe doen om die internasionale vrede en sekuriteit te handhaaf. Maatreëls getref deur Lede in die uitvoering van hierdie reg tot selfverdediging sal dadelik aan die Veiligheidsraad rapporteer word en sal op geen wyse die magtiging van die Veiligheidsraad onder die huidige Handves in die uitvoering van enige aksie ter wille van die handhawing of herstel van internasionale vrede en sekuriteit nie raak nie.

# HOOFSTUK VIII

# PLAASLIKE RE ËLINGS

## ARTIKEL 52

1. Niks in die huidige Handves verhinder plaaslike maatreëls of plaaslike agentskappe om aangelenthede wat verband hou met die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit te hanteer nie, solank sulke reëlings of agentskappe en hul aktiwiteite in lyn met die Doelwitte en Beginsels van die Verenigde Volke is.

2. Die Lede van die Verenigde Volke wat ooreenkomste aangaan met sulke agentskappe of wat so 'n plaaslike agentskap is, sal elke poging aanwend om vreedsame skikking van plaaslike dispute te bereik deur plaaslike oplossings te vind voordat dit na die Veiligheidsraad verwys word.

3. Die Veiligheidsraad sal die vreedsame skikking van plaaslike dispute deur sulke plaaslike reëlings of deur sulke plaaslike agentskappe aanmoedig, hetsy op die inisiatief van die betrokke state of deur verwysing van die Veiligheidsraad.

4. Hierdie Artikel benadeel op geen wyse die toepaslikheid van Artikels 34 en 35 nie.

## ARTIKEL 53

1. Die Veiligheidsraad sal, waar toepaslik,

sulke plaaslike reëlings of agentskappe gebruik om besluite onder sy gesag af te dwing. Maar geen aksie sal volgens plaaslike maatreëls of agentskappe afgedwing word sonder die toestemming van die Veiligheidsraad nie, met die uitsondering van maatreëls teen 'n vyandige staat, soos beskryf in paragraaf 2 van hierdie Artikel, voorsien volgens Artikel 107, of plaaslike maatreëls teen enige hernude aggressiewe beleid vanaf so 'n staat, tot en met die tyd wat die Organisasie, op versoek van die betrokke regerings, die verantwoordelikheid om verdere aggressie deur so 'n staat te voorkom oorneem.

2. Die uitdrukking ''vyandige staat'' soos gebruik in paragraaf 1 van hierdie Artikel, verwys na enige staat wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n vyand was van enige getekenende van die huidige Handves.

## Artikel 54

Die Veiligheidsraad sal te alle tye ingelig word oor die aktiwiteite onder plaaslike reëlings of deur plaaslike agentskappe wat geneem word vir die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit.

# INTERNASIONALE EKONOMIESE EN SOSIALE SAMEWERKING

## ARTIKEL 55

Ten einde die omstandighede vir stabiliteit en vooruitgang wat nodig is vir vreedsame en vriendelike bande tussen nasies, volgens die beginsel van respek en gelyke regte van alle mense, te skep, sal die Verenigde Volke die volgende aanmoedig:

a. 'n hoër lewenspeil, volle indiensneming, en omstandighede wat gunstig is vir ekonomiese vooruitgang en ontwikkeling;

b. oplossings vir internasionale ekonomiese, maatskaplike, gesondheids- en verwante probleme; en internasionale kulturele en opvoedkundige samewerking; en

c. universele respek en agting vir menseregte en fundamentele vryheid vir almal, sonder uitsondering as gevolg van ras, geslag, taal en godsdiens.

## ARTIKEL 56

Alle Lede neem hulle voor om gesamentlike en afsonderlike stappe in samewerking met die

Organisasie, ter bereiking van doelwitte soos beskryf in Artikel 55 te doen.

## ARTIKEL 57

1. Die onderskeie gespesialiseerde agentskappe, gestig deur ooreenkomste tussen regerings en wat verskeie verantwoordelikhede op ekonomiese, maatskaplike, kulturele, opvoedkundige, gesondheids- en verwante gebiede het, is gebonde aan die Verenigde Volke volgens die bepalings van Artikel 63.

2. Die agentskappe wat in lyn gebring is met die Verenigde Volke sal van nou af gespesialiseerde agentskappe genoem word.

## ARTIKEL 58

Die Organisasie sal aanbevelings maak vir die ko-ordinasie van die beleid en aktiwiteite van die gespesialiseerde agentskappe.

## ARTIKEL 59

Die Organisasie sal, waar toepaslik, onderhandelinge tussen relevante state begin vir die skep van nuwe gespesialiseerde agentskappe wat nodig is vir die bereik van doelwitte beskryf in Artikel 55.

## Artikel 60

Die verwantwoordelikheid vir die uitvoering van die funksies van die Organisasie soos beskryf in hierdie Hoofstuk, sal by die Algemene Vergadering rus en, onder die owerheid van die Algemene Vergadering, in die Ekonomiese en Maatskaplike Raad, wat vir hierdie doeleindes die magte besit soos beskryf in Hoofstuk X.

# Hoofstuk X

# DIE EKONOMIESE EN SOSIALE RAAD

*Samestelling*

## Artikel 61

1. Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad sal bestaan uit vier-en-vyftig lede van die Verenigde Volke, verkies deur die Algemene Vergadering.

2. Onderworpe aan die bepalings van paragraaf 3, sal agtien lede van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad elke jaar vir 'n drie-jaar termyn verkies word.'n Afgetrede lid sal vir onmiddelike herverkiesing in aanmerking kom.

3. Tydens die eerste verkiesing na die toename in die ledetal van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad vanaf sewe-en-twintig tot vier-en-vyftig lede, en bo en behalwe die lede verkies in die plek van

die nege lede wie se termyn verval aan die einde van daardie jaar, sal sewe-en-twintig addisionele lede verkies word. Die termyn van nege lede van hierdie sewe-en-twintig addisionele lede sal aan die einde van een jaar, en die termyn van nege ander lede aan die einde van twee jaar, verstryk, volgens reëlings getref deur die Algemene Vergadering.

4. Elke lid van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad sal een verteenwoordiger hê.

***Funksies en magte***

## ARTIKEL 62

1. Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad kan studies en verslae met betrekking tot internasionale ekonomiese, maatskaplike, kulturele, opvoedkundige, gesondheids- en verwante sake en aanbevelings aan die Algemene Vergadering, die Lede van die Verenigde Volke, en die betrokke gespesialiseerde agentskappe oor enige sulke aangeleenthede maak.

2. Dit kan aanbevelings maak met die doel om respek en agting vir menseregte en fundamentele vryheid te bevorder.

3. Dit kan ontwerpskonvenies vir voorlegging aan die Algemene Vergadering, met verwysing na aangeleenthede wat binne die raad se bevoegdheid val, maak.

4. Dit kan internasionale konferensies organiseer volgens reëls voorgeskryf deur die Verenigde Volke, wat oor sake wat binne die raad se bevoegdheid val handel.

## Artikel 63

1. Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad kan ooreenkomste met enige van die agentskappe waarna verwys word in Artikel 57 maak, en die grondslag waarop die agentskap by die Verenigde Volke inskakel identifiseer. Sulke ooreenkomste sal onderworpe wees aan goedkeuring van die Algemene Vergadering.

2. Dit kan die aktiwiteite van die gespesialiseerde agentskappe deur konsultasie en aanbevelings aan sulke agentskappe en deur aanbevelings aan die Algemene Vergadering asook die Lede van die Verenigde Volke ko-ordineer.

## Artikel 64

1. Die Ekonomiese en Maatskaplike raad kan toepaslike stappe doen om gereeld verslae vanaf die gespesialiseerde agentskappe te verkry. Dit kan reëlings met die Lede van die Verenigde Volke en met die gespesialiseerde agentskappe tref om verslae te verkry oor stappe om die raad se eie aanbevelings te volg asook aanbevelings van die Algemene Vergadering oor sake wat binne die raad

se bevoegdheid val.

2. Dit kan opmerkings oor hierdie verslae aan die Algemene Vergadering verstrek.

## Artikel 65

Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad kan inligting aan die Veiligheidsraad verstrek en sal die Veiligheidsraad bystaan indien so versoek.

## Artikel 66

1. Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad sal die funksies wat binne sy bevoegdheid val uitvoer, ter uitvoering van aanbevelings van die Algemene Vergadering.

2. Dit mag, met die goedkeuring van die Algemene Vergadering, dienste op versoek van Lede van die Verenigde Volke en op versoek van gespesialiseerde agentskappe doen.

3. Dit sal sodanige funksies soos elders gespesifiseer in die huidige Handves of soos aan dit opgedra deur die Nasionale Vergadering uitvoer.

***Stemprosedure***

## Artikel 67

1. Elke lid van die Ekonomiese en Maatskaplike raad het een stem.

2. Besluite van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad sal deur 'n meerderheidstem van al die lede teenwoordig geneem word.

***Prosedure***

## ARTIKEL 68

Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad sal kommissies op ekonomiese en maatskaplike gebiede en vir die bevordering van menseregte, en ander kommissies soos nodig mag wees in die uitvoering van sy pligte skep.

## ARTIKEL 69

Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad sal enige Lid van die Verenigde Volke uitnooi om sonder 'n stem in sy beraadslaging oor enige aangeleentheid wat in die Lid se belang is deel te neem.

## ARTIKEL 70

Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad kan reëlings tref vir verteenwoordigers van die gespesialiseerde agentskappe om sonder stem in sy beraadslaging en in die beraadslaging van die kommissies wat deur die Raad gestig is deel te neem, en vir raadsverteenwoordigers om in die

besprekings van die gespesialiseerde agentskappe deel te neem.

## ARTIKEL 71

Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad kan gepaste reëlings tref vir konsultasie met Nie-regerings Organisasies wat met aangeleenthede binne sy bevoegdheid verband hou. Sulke reëlings kan met internasionale organisasies en, waar toepaslik, met nasionale organisasies na konsultasie met die betrokke Lid van die Verenigde Volke getref word.

## ARTIKEL 72

1. Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad sal sy eie reëls van prosedure aanvaar, insluitende die metode van verkiesing van 'n President.

2. Die Ekonomiese en Maatskaplike Raad sal soos nodig volgens sy reëls, wat voorsiening maak vir die saamroep van vergaderings op versoek van 'n meerderheid van die lede vergader.

# VERKLARING RAKENDE NIE-SELF-REGERENDE GEBIEDE

## ARTIKEL 73

Lede van die Verenigde Volke wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir die administrasie van gebiede waar die bevolking nog nie ten volle selfregerend is nie, erken die belange van die bewoners van hierdie gebiede, en aanvaar as 'n heilige verpligting die bevordering van die welstand van die bewoners, volgens die beginsel van internasionale vrede en gregtigheid vervat in die huidige Handves; en om dit te verwesenlik

a. om respek vir die kultuur van die betrokke bevolking en hul politiese, maatskaplike, ekonomiese en opvoedkundige vooruitgang en hul regverdige behandeling asook hul beskerming teen mishandeling te verseker;

b. om self-regering aan te moedig, om die politieke aspirasies van die bevolking in ag te neem, en hulle in die progressiewe ontwikkeling van hul vrye politieke institusies volgens die spesifieke omstandighede van elke gebied en die mense in die gebied en hul onderskeie fases van ontwikkeling by te staan;

c. om internasionale vrede en sekuriteit te bevorder;

d. om konstruktiewe ontwikkelingsmaatreëls te tref, om navorsing aan te moedig, om met mekaar saam te werk, en waar en wanneer nodig, met gespesialiseerde agentskappe, en sodoende die doeleindes beskryf in hierdie Artikel te bereik; en

e. om gereeld, vir inligtingsdoeleindes, en onderworpe aan sodanige beperkings soos nodig vir sekuriteit en grondwetlike oorwegings, aan die Sekretaris-generaal statistiese en tegniese verslag rakende ekonomiese, maatskaplike, en opvoedkundige toestande in die gebiede waarvoor hulle gemeenskaplik verantwoordelik is te lewer, buiten die gebiede waarna Hoofstukke XII en XIII verwys.

## Artikel 74

Lede van die Verenigde Volke stem ook saam dat hul beleid ten opsigte van gebiede waarna hierdie Hoofstuk verwys, en ook ten opsigte van stedelike gebiede, op goeie buurmanskap baseer is, en dat die welstand van die res van die wêreld op maatskaplike, ekonomiese en kommersiële vlak in ag geneem moet word.

# INTERNASIONALE VOOGDY SISTEEM

## Artikel 75

Die Verenigde Volke sal onder sy owerheid 'n internasionale Voogdy sisteem stig vir die administrasie van en toesig oor gebiede wat volgens daaropvolgende ooreenkomste onder sy beheer geplaas word. Na hierdie gebiede word as trustgebiede verwys.

## Artikel 76

Die basiese doelwitte van die voogdysisteem, volgens die Doelwitte van die Verenigde Volke soos bepaal in Artikel 1 van die huidige Handves, is die volgende:

a. om internasionale vrede en sekuriteit te bevorder;

b. om die politieke, ekonomiese, maatskaplike en opvoedkundige ontwikkeling van die inwoners van die trustgebiede te bevorder, en hul progressiewe ontwikkeling tot selfregering of onafhanklikheid volgens die spesifieke omstandighede van elke trustgebied en sy mense en die vrye wense van die betrokke bevolking, en soos voorsien kan word volgens die beginsels van elke

Voogdyskap ooreenkoms te bevorder

c. om respek vir menseregte en fundamentele regte vir almal aan te moedig sonder uitsondering op grond van ras, geslag, taal of godsdiens en om op die interafhanklikheid van die volke van die wêreld te let; en

d. om gelyke behandeling op maatskaplike, ekonomiese en kommersiële gebied vir al die Lede van die Verenigde Volke en hul bevolking, en ook gelyke behandeling vir laasgenoemde in die administrasie van die reg te verseker, met behoud van die verkryging van die genoemde doelwitte en onderworpe aan die bepalings van Artikel 80.

## ARTIKEL 77

1. Die Voogdy sisteem sal op die volgende gebiede volgens Voogdyskap ooreenkomste van toepassing wees:

a. gebiede wat tans onder mandaat gehou word;

b. gebiede wat as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog van vyandelike state geskei is; en

c. gebiede wat vrywilliglik onder die sisteem geplaas is deur state wat vir hul administrasie verantwoordelik is.

2. Daar sal vooraf besluit moet word watter gebiede in bogenoemde kategorieë onder die Voogdy sisteem geplaas word en op watter

voorwaardes.

## Artikel 78

Die Voogdy sisteem sal nie op gebiede wat Lede van die Verenigde Volke geword het van toepassing wees nie, in welke geval die verhouding op respek vir die beginsel van soewereine gelykheid baseer sal word.

## Artikel 79

Die voorwaardes van Voogdyskap van elke gebied wat onder die sisteem geplaas word, insluitend enige verandering of amendement, sal deur die state wat direk betrokke is bepaal word. Dit sluit mandaatland in in die geval van gebiede wat onder die mandaat van 'n Lid van die Verenigde Volke gehou word, en sal soos beskryf in Artikels 83 en 85 goedgekeur word.

## Artikel 80

1. Behalwe soos in individuele voogdy ooreenkomste, gesluit volgens artikels 77, 79 en 81, wat elke gebied onder die trusteeskap sisteem plaas, en totdat sulke ooreenkomste bereik is, sal niks in hierdie hoofstuk interpreteer word of gebruik word om op enige wyse die regte van die state of bevolking, of die voorwaardes van bestaande internasionale akte waartoe die Lede van die

Verenigde Volke afsonderlik partye kan wees, te verander nie.

2. Paragraaf 1 van hierdie Artikel sal nie interpreteer word as 'n rede vir die vertraging of uitstel van die onderhandeling en volbringing van ooreenkomste vir die plasing van mandaatland en ander lande onder die voogdy sisteem soos beskryf in Artikel 77 nie.

## Artikel 81

Die voogdy ooreenkoms sal in elke geval die voorwaardes waaronder die trustgebied administreer word insluit, en die owerheid wat die administrasie van die trustgebied oorneem aandui. So 'n owerheid, hierna die administratiewe owerheid genoem, kan een of meer state wees of die Organisasie self.

## Artikel 82

'n Strategiese gebied of gebiede kan in enige voogdy ooreenkoms, wat deel of geheel van die trustgebied in die ooreenkoms insluit verklaar word, met behoud van enige spesiale ooreenkoms gesluit volgens Artikel 43.

## Artikel 83

1. Alle funksies van die Verenigde Volke wat verband hou met strategiese areas, insluitend die

goedkeuring van die voorwaardes van die voogdy ooreenkoms en hul verandering of wysiging, sal deur die Veiligheidsraad uitgevoer word.

2. Die basiese doelwitte beskryf in Artikel 76 sal op die volke van elke strategiese gebied van toepassing wees.

3. Die Veiligheidsraad sal, onderworpe aan die bepalings van die voogdyskap ooreenkoms en behoudens sekuriteitsmaatreëls, van die hulp van die Voogdy Raad gebruik maak in die uitvoering van Verenigde Volke take wat met politieke, ekonomiese, maatskaplike en opvoedkundige aangeleenthede in die strategiese areas verband hou.

## Artikel 84

Dit sal die administratiewe owerheid se verpligting wees om seker te maak dat die trustgebied 'n bydrae lewer tot die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit. Vir hierdie doel kan die administratiewe owerheid gebruik maak van vrywillige magte, fasiliteite, en hulp van die trustowerheid ter uitvoering van verpligtinge teenoor die Veiligheidsraad wat in hierdie verband deur die administratiewe owerheid onderneem is, asook vir plaaslike verdediging en die handhawing van wet en orde binne die trustgebied.

## Artikel 85

1. Die funksies van die Verenigde Volke met betrekking tot voogdyskap reëlings vir alle areas wat nie strategies verklaar is nie, insluitend die goedkeuring van die voorwaardes van die voogdy ooreenkoms en hul verandering of wysiging, sal deur die Algemene Vergadering uitgevoer word.

2. Die Voogdyskap Raad, wat onder die owerheid van die Algemene Vergadering staan, sal die Algemene Vergadering in die uitvoering van hierdie pligte bystaan.

# Hoofstuk XIII

# DIE VOOGDYRAAD

*Samestelling*

## Artikel 86

1. Die Voogdyraad sal uit die volgende Lede van die Verenigde Volke bestaan:

a. daardie Lede wat trustgebiede administreer;

b. die Lede in Artikel 23 wat nie trustgebiede administreer nie; en

c. soveel ander Lede wat deur die Algemene Vergadering vir drie-jaar termyne verkies is — soos nodig om te verseker dat die totale getal lede van die Voogdyraad eweredig verdeel is tussen daardie

Lede van die Verenigde Volke wat trustgebiede administreer en die wat nie sulke gebiede administreer nie.

2. elke lid van die Voogdyraad sal een spesifiek gekwalifiseerde persoon aanwys om dit te verteenwoordig.

***Funksies en magte***

## ARTIKEL 87

Die Algemene Vergadering en, onder sy owerheid, die Voogdyraad, in die uitvoering van hul pligte, kan:

a. verslae wat deur die Algemene Vergadering daaraan voorgelê is oorweeg.

b. petisies in konsultasie met die administratiewe owerheid ontvang en bestudeer,

c. voorsiening maak vir periodieke besoeke aan die onderskeie trustgebiede op die tye goedgekeur deur die administratiewe owerheid; en

d. hierdie en ander stappe in lyn met die voorwaardes van die voogdy ooreenkomste doen.

## ARTIKEL 88

Die Voogdyraad sal 'n vraelys oor die politieke, ekonomiese, maatskaplike en opvoedkundige vooruitgang van die inwoners van elke trustgebied opstel, en die administratiewe

owerheid vir elke trustgebied binne die bevoegdheid van die Algemene Vergadering sal 'n jaarlikse verslag aan die Algemene Vergadering op grond van hierdie vraelys doen.

*Stemprosedure*

## ARTIKEL 89

1. Elke lid van die Voogdyraad kry een stem.

2. Besluite deur die Voogdyraad sal deur 'n meerderheidstem van die lede teenwoordig gemaak word.

*Prosedure*

## ARTIKEL 90

1. Die Voogdyraad sal sy eie reëls van prosedure vasstel, insluitende die metode van verkiesing van 'n President.

2. Die Voogdyraad sal soos nodig vergader volgens sy reëls, wat voorsiening sal maak vir die byeenroeping van vergaderings op versoek van 'n meerderheid van die lede.

## ARTIKEL 91

Die Voogdyraad sal, indien nodig, die hulp van die Ekonomiese en Maatskaplike Raad en van die gespesialiseerde agentskappe rakende

aangeleenthede waarmee hulle afsonderlik gemoeid is inroep.

## HOOFSTUK XIV

# DIE WÊRELDHOF

### ARTIKEL 92

Die Wêreldhof is die hoof regsagentskap van die Verenigde Volke. Dit funksioneer volgens die aangehegte Statute, wat op die Statute van die Permanente Hof van Internasionale Gereg baseer is en 'n integrale deel van die huidige Handves vorm.

### ARTIKEL 93

1. Alle lede van die Verenigde Volke is ipso facto partye tot die Statute van die Wêreldhof.

2. 'n Staat wat nie 'n Lid is van die Verenigde Volke nie kan 'n party word tot die Statute van die Wêreldhof op voorwaardes wat in elke geval op aanbeveling van die Veiligheidsraad deur die Algemene Vergadering bepaal word.

### ARTIKEL 94

1. Elke Lid van die Verenigde Volke onderneem om die besluit van die Wêreldhof in enige saak waartoe dit 'n party is uit te voer.

2. Indien enige party tot 'n saak versuim om verpligtinge na te kom na aanleiding van 'n uitspraak wat deur die Hof gelewer is, mag die ander party hom na die Veiligheidsraad wend. Die Veiligheidsraad kan volgens sy diskresie aanbevelings maak of 'n besluit neem oor maatreëls wat geneem kan word om die uitspraak af te dwing.

## Artikel 95

Niks in die huidige Handves sal Lede van die Verenigde Volke verhoed om die oplossing van geskille aan ander tribunale, volgens ooreenkomste wat alreeds aangegaan is of dalk in die toekoms aangegaan kan word, op te dra nie.

## Artikel 96

1. Die Algemene Vergadering of die Veiligheidsraad kan die Wêreldhof versoek om 'n adviserende opinie oor enige geregtelike aangeleentheid te lewer.

2. Ander agentskappe van die Verenigde Volke en gespesialiseerde agentskappe, aan wie die bevoegdheid deur die Algemene Vergadering verleen is, kan ook 'n adviserende opinie van die Hof versoek oor geregtelike aangeleenthede wat in die verloop van hul aktiwiteite ontstaan.

# DIE SEKRETARIAAT

## ARTIKEL 97

Die Sekretariaat bestaan uit 'n Sekretaris-generaal en die personeel soos deur die Organisasie benodig. Die Sekretaris-generaal sal deur die Algemene Vergadering op aanbeveling van die Veiligheidsraad aangestel word. Die Sekretaris-generaal is die hoof administratiewe beampte van die Organisasie.

## ARTIKEL 98

Die Sekretaris-generaal sal tydens al die vergaderings van die Algemene Vergadering of die Veiligheidsraad, die Ekonomiese en Maatskaplike Raad en die Voogdyraad in daardie hoedanigheid optree, en sal die funksies uitvoer soos deur hierdie agentskappe aan hom toevertrou. Die Sekretaris-generaal sal 'n jaarverslag aan die Algemene Vergadering oor die werk van die Organisasie voorlê.

## ARTIKEL 99

Die Sekretaris-generaal kan enige aangeleentheid wat volgens hom die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit bedreig, onder

die aandag van die Veiligheidsraad bring.

## Artikel 100

1. Die Sekretaris-generaal en die personeel sal, in die uitvoering van hul pligte, nie die instruksie van enige regering of enige organisasie buite die Organisasie versoek of volg nie. Hulle sal enige aksie wat hul posisie as internasionale beamptes wat verantwoording doen aan die Organisasie in 'n slegte lig kan stel vermy.

2. Elke Lid van die Verenigde Volke onderneem om die internasionale aard van die verantwoordelikhede van die Sekretaris-generaal en personeel te respekteer en om nie te probeer om hulle in die uitvoering van hul verpligtinge te beinvloed nie.

## Artikel 101

1. Die personeel sal deur die Sekretaris-generaal aangestel word volgens regulasies wat deur die Algemene Vergadering bepaal word.

2. Aanvaarbare personeel sal permanent aangestel word in die Ekonomiese en Maatskaplike Raad, die Voogdyraad, en soos nodig, die ander agentskappe van die Verenigde Volke. Hierdie personeel sal deel vorm van die Sekretariaat.

3. Die hoofoorweging in die aanstelling van personeel is die hoogste standaard van

doeltreffendheid en integriteit. Aandag sal gegee word aan die belang van werwing op so wyd as moontlike geografiese vlak.

## Hoofstuk XVI

# ALLERLEI VOORWAARDES

### Artikel 102

1. Elke verdrag en elke internasionale ooreenkoms wat deur die Verenigde Volke aangegaan word nadat die huidige Handves in werking tree sal so gou as moontlik by die Sekretariaat geregistreer en daardeur publiseer word.

2. Geen party tot enige so 'n verdrag of internasionale ooreenkoms wat nie geregistreer is in lyn met die voorwaardes van paragraaf 1 van hierdie artikel nie, mag hom voor enige Verenigde Volke agentskap op daardie ooreenkoms of traktaat beroep nie.

### Artikel 103

In geval waar konflik ontstaan tussen die verpligtinge van Lede van die Verenigde Volke onder die huidige Handves en hul verpligtinge onder enige ander internasionale ooreenkoms, sal hul verpligtinge onder die huidige Handves geldig wees.

### ARTIKEL 104

Die Organisasie sal in die grondgebied van elk van sy Lede die geregtelike gesag besit wat nodig is vir die uitvoering van sy verpligtinge.

### ARTIKEL 105

1. Die Organisasie sal, in die grondgebied van elk van sy Lede, die voorregte en immuniteite wat nodig is vir die uitvoering van sy verpligtinge geniet.

2. Verteenwoordigers van die Lede van die Verenigde Volke en beamptes van die Organisasie, sal ook die voorregte en vryhede wat nodig is vir die uitvoering van hul verpligtinge vir die Organisasie geniet.

3. Die Algemene Vergadering mag aanbevelings maak om die besonderhede van die toepassing van paragrawe 1 en 2 van hierdie Artikel te bepaal of kan vir hierdie doel konvensies aan die Lede van die Verenigde Volke voorstel.

## HOOFSTUK XVII

## TYDELIKE SEKURITEITSMAATREËLS

### ARTIKEL 106

Totdat spesiale ooreenkomste beskryf in

Artikel 43 wat die Veiligheidsraad in staat stel om verpligtinge volgens Artikel 42 na te kom bekragtig word, sal die partye tot die Vier-Nasie Verklaring geteken in Moskou op 30 Oktober 1943 en Frankryk, volgens die bepalings van paragraaf 5 van daardie Verklaring, met mekaar, en soos omstandighede dit vereis met ander Lede van die Verenigde Volke oor gesamentlike aksie namens die Organisasie beraadslag, soos nodig mag wees vir die handhawing van internasionale vrede en sekuriteit.

### Artikel 107

Niks in die huidige Handves sal aksie uitsluit of ongeldig maak wat geneem of goedgekeur is as gevolg van oorlog deur regerings wat verantwoordelik was vir sulke aksie met betrekking tot enige staat wat tydens die Tweede Wereldoorlog 'n vyand was van enige getekenende van die huidige Handves nie.

## Hoofstuk XVIII

## Wysigings

### Artikel 108

Wysigings tot die huidige Handves sal vir alle Lede van die Verenigde Volke in werking tree sodra

dit deur 'n twee-derdes stem van die Lede van die Algemene Vergadering volgens die onderskeie grondwetlike prosedures deur twee-derdes van die Lede van die Verenigde Volke, insluitend al die Permanente Lede van die Veiligheidsraad aanvaar en bekragtig is.

## Artikel 109

1. 'n Algemene Konferensie van Lede van die Verenigde Volke met die doel om die huidige Handves te hersien, kan op 'n datum en plek bepaal deur 'n twee-derdes stem van die lede van die Algemene Vergadering en 'n stem van nege lede van die Veiligheidsraad gehou word. Elke Lid van die Verenigde Volke het een stem in die konferensie.

2. Enige verandering in die huidige Handves wat deur 'n twee-derdes stem van die konferensie aanbeveel word, sal in werking tree wanneer dit volgens hul afsonderlike grondwetlike prosedures deur twee derdes van die Lede van die Verenigde Volke, insluitende al die permanente lede van die Veiligheidsraad bekragtig word.

3. Indien so 'n konferensie nog nie voor die tiende jaarlikse sitting van die Algemene Vergadering na die inwerkingtreding van die huidige Handves gehou is nie, sal die voorstel om so 'n konferensie te hou op die agenda van die tiende sitting van die Algemene Vergadering geplaas word,

en die konferensie sal gehou word indien volgens 'n meerderheidstem van die Lede van die Algemene Vergadering en enige sewe lede van die Veiligheidsraad besluit.

## HOOFSTUK XIX

# BEKRAGTIGING EN ONDERTEKENING

### ARTIKEL 110

1. Die huidige Handves sal deur die getekenende state volgens hul onderskeie grondwetlike prosedures bekragtig word.

2. Die bekragtigings sal by die Regering van die Verenigde State van Amerika ingedien word, wat al die getekenende state asook die Sekretaris-generaal van die Organisasie sodra hy aangestel is sal inlig oor elke voorlegging.

3. Die huidige Handves sal in werking tree sodra die bekragtigings van China, Frankryk, Die Russiese Federasie, die Verenigde Koningkryk en Noord-Ierland en die Verenigde State van Amerika en die meerderheid van getekenende state ontvang is. 'n Protokol van die bekragtigings ontvang sal dan opgetrek word deur die Regering van die Verenigde State van Amerika wat afskrifte daarvan aan al die getekenende state sal voorsien.

4. Die state wat die huidige Handves geteken het en wat dit bekragtig nadat dit in werking getree het sal oorspronklike Lede van die Verenigde Volke word op die datum waarop hulle hul afsonderlike bekragtigings inhandig.

## Artikel III

Die huidige Handves, waarvan die Chinese, Franse, Russiese, Engelse en Spaanse tekste net so geldig is, sal in die argiewe van die Regering van die Verenigde State van Amerika aangehou word. Gesertifiseerde afskrifte sal verskaf word deur daardie Regering aan die Regerings van die ander getekenende state.

UIT HOOFDE WAARVAN die verteenwoordigers van die Regerings van die Verenigde Volke die huidige Handves geteken het.

TE San Francisco, die ses-en-twintigste Junie, neëntien vyf-en-veertig.

# STATUTE VAN DIE WÊRELDHOF

## ARTIKEL 1

Die Wêreldhof, gestig deur die Handves van die Verenigde Volke as die hoofagentskap van die Verenigde Volke, bestaan en funksioneer volgens die bepalings van die huidige Statute.

HOOFSTUK 1

# ORGANISASIE VAN DIE HOF

## ARTIKEL 2

Die hof sal bestaan uit 'n liggaam van onafhanklike regters, verkies sonder om nasionaliteit in ag te neem, vanuit persone met 'n goeie morele karakter, wat die vereiste kwalifikasies in hul verskeie lande vir aanstelling tot die hoogste regsamp het, of wat geregtelike adviseurs van erkende bevoegdheid in die internasionale reg is.

## ARTIKEL 3

1. Die Hof bestaan uit vyftien lede, elk 'n burger van 'n ander staat.

2. 'n Persoon wat vir die doeleindes van die

Hof as 'n burger van meer as een staat beskou kan word, sal as 'n burger van die land waar hy gewoonlik siviele en politiese reg het beskou word.

## Artikel 4

1. Lede van die Hof sal volgens die volgende bepalings vanuit 'n lys van persone wat deur die nasionale groepe in die Permanente Hof van Arbitrasie genomineer word, deur die Algemene Vergadering en die Veiligheidsraad verkies word:

2. In die geval van lede van die Verenigde Volke wat nie verteenwoordig is in die Permanente Hof van Arbitrasie nie, sal kandidate nomineer woord deur nasionale groepe wat vir daardie doel deur hul regerings aangestel is onder dieselfde voorwaardes as die voorwaardes voorgeskryf vir lede van die Permanente Hof van Arbitrasie deur Artikel 44 van die Den Haag Konvensie van 1907 vir die vreedsame skikking van internasionale dispute.

3. Die voorwaardes waaronder 'n staat wat 'n party is tot die huidige Statute maar nie 'n lid is van die Verenigde Volke nie, mag deel neem in die verkiesing van die lede van die Hof sal, in die afwesigheid van 'n spesiale ooreenkoms, deur die Algemene Vergadering op aanbevelings van die Veiligheidsraad bepaal word.

## ARTIKEL 5

1. Die Sekretaris-generaal van die Verenigde Volke sal 'n geskrewe versoek aan die lede van die Permanente Hof van Arbitrasie wat behoort aan die state wat partye is tot die huidige Statute rig, asook aan die lede van die nasionale groepe aangestel volgens Artikel 4, paragraaf 2, ten minste drie maande voor die datum van die verkiesing, en hulle uitnooi om binne 'n sekere tyd deur middel van nasionale groepe, persone wat geskik is om die verpligtinge van 'n lid van die Hof te aanvaar te nomineer.

2. Geen groep mag meer as vier persone nomineer nie, en nie meer as twee van die genomineerdes mag dieselfde nasionaliteit as die groep hou nie. Die getal kandidate genomineer mag onder geen omstandighede meer as tweekeer soveel as die getal vakante poste wees nie.

## ARTIKEL 6

Voordat hierdie nominasies gemaak word, word elke nasionale groep aanbeveel om die hoogste geregshof, asook die hof se fasiliteite, opleidingssentrums, nasionale akademies en nasionale afdelings van internasionale akademies wat gemoeid is met geregtelike studies te raadpleeg.

## ARTIKEL 7

1. Die Sekretaris-generaal sal 'n alfabetiese lys van al die genomineerdes voorberei. Behalwe soos bepaal in Artikel 12, paragraaf 2, sal hierdie die enigste persone wees wat in aanmerking kom.

2. Die Sekretaris-generaal sal die lys aan die Algemene Vergadering en aan die Veiligheidsraad voorlê.

## ARTIKEL 8

Die Algemene Vergadering en die Veiligheidsraad sal onafhanklik van mekaar te werk gaan om lede van die hof te verkies.

## ARTIKEL 9

Tydens elke verkiesing sal die kiesers in gedagte hou dat die persone wat verkies word nie net individueel die vereiste kwalifikasies moet besit nie, maar dat die groep as geheel die basiese beskawing en geregtelike sisteme van die wêreld moet verseker.

## ARTIKEL 10

1. Die kandidate wat 'n absolute meerderheid stemme in die Algemene Vergadering en Veiligheidsraad kry, sal verkies word.

2. Enige stem vanuit die Veiligheidsraad, hetsy

vir die verkiesing van regters of vir die aanstelling van lede van die konferensie voorgestel in Artikel 12, sal sonder onderskeid tussen permanente en nie-permanente lede van die Veiligheidsraad gegee word.

3. In die geval waar meer as een burger van dieselfde staat 'n absolute meerderheid stemme in beide die Algemene Vergadering en die Veiligheidsraad kry, sal die oudste van die twee verkies word.

## Artikel 11

Indien een of meer poste nog na die eerste verkiesing oop is, sal 'n tweede, en indien nodig 'n derde vergadering plaasvind.

## Artikel 12

1. Indien een of twee poste steeds oop is na die derde vergadering, kan 'n gesamentlike konferensie van ses lede gehou word, waarvan drie deur die Algemene Vergadering en drie deur die Veiligheidsraad aangestel word. Die konferensie kan te eniger tyd en op versoek van OF die Algemene Vergadering OF die Veiligheidsraad gehou word, met die doel om vir elke oop pos een naam met 'n absolute meerderheid te verkies, om aan die Algemene Vergadering en die Veiligheidsraad vir hul respektiewelike goedkeuring voor te lê.

2. Indien die gesamentlike konferensie eenparig ten gunste van enige persoon wat aan die vereistes voldoen stem mag die persoon by die lys ingesluit word, selfs al was hy nie by die lys van nominasies waarna Artikel 7 verwys ingesluit nie.

3. Indien die gesamentlike konferensie hulle van die feit vergewis het dat hulle nie 'n suksesvolle verkiesing gaan afhandel nie, sal daardie lede van die Hof wat alreeds verkies is, binne 'n tydperk bepaal deur die Veiligheidsraad, vakante poste vul deur 'n seleksie te maak uit die kandidate wat stemme gekry het OF vanuit die Algemene Vergadering OF vanuit die Veiligheidsraad.

4. Indien die regters eweveel stemme het, sal die oudste regter die beslissende stem kry.

## Artikel 13

1. Die lede van die Hof sal vir nege jaar verkies word en kan herverkies word op voorwaarde dat vanuit die regters verkies tydens die eerste verkiesing, die termyne van vyf aan die einde van drie jaar en die termyne van nog vyf aan die einde van ses jaar sal verval.

2. Die regters wie se termyne tot 'n einde moet kom aan die einde van die bogenoemde aanvanklike periodes van drie en ses jaar sal on middellik na die eerste verkiesing deur loting deur die Sekretaris-generaal gekies word.

3. Die lede van die Hof sal voortgaan om hul pligte uit te voer totdat hul plekke gevul is. Hulle sal enige sake wat begin is afhandel, selfs nadat hulle vervang is.

4. In die geval van bedanking van enige lid van die Hof, sal die bedanking aan die President van die Hof gerig word vir kennisgewing aan die Sekretaris-generaal. Hierdie laaste kennisgewing maak die posisie vakant.

## Artikel 14

Vakante poste sal volgens dieselfde metode gebruik vir die eerste verkiesing, onderworpe aan die volgende bepaling, gevul word: Die Sekretaris-generaal sal, binne een maand na die pos oopgaan, uitnodigings soos beskryf in Artikel 5 uitstuur, en die datum van die verkiesing sal deur die Veiligheidsraad bepaal word.

## Artikel 15

'n Lid van die Hof wat verkies is om 'n lid te vervang wie se termyn nog nie verval het nie, sal vir die oorblywende termyn van sy voorganger in sy pos aanbly.

## Artikel 16

1. Geen lid van die Hof mag enige ander politieke of administratiewe diens doen, uitvoer of

deelneem aan enige ander werk van 'n professionele aard nie.

2. Enige twyfel oor hierdie aangeleentheid sal deur 'n hofbesluit beslis word.

## Artikel 17

1. Geen lid van die hof mag in enige saak as 'n agent, konsultant of advokaat optree nie.

2. Geen lid mag in die uitspraak deelneem van enige saak waaraan hy voorheen deelgeneem het as agent, konsultant, of advokaat vir een van die partye, of as 'n lid van 'n nasionale of internasionale hof of kommissie van ondersoek of in enige ander hoedanigheid nie.

3. Enige twyfel oor hierdie aangeleentheid sal deur uitspraak van die Hof beslis word.

## Artikel 18

1. Geen lid van die Hof sal ontslaan word nie tensy hy volgens die eenparige opinie van die ander lede opgehou het om aan die vereiste voorwaardes te voldoen nie.

2. Formele kennis van die besluit sal deur die Regisrateur aan die Sekretaris-generaal gegee word.

3. Hierdie kennisgewing skep 'n vakante pos.

## Artikel 19

Waneer hulle besig is met die verrigtinge van

die Hof, sal die lede van die Hof diplomatieke voorregte en immuniteit geniet.

### ARTIKEL 20

Elke lid van die Hof sal, voordat hy sy verpligtinge opneem, 'n geswore verklaring in die hof maak dat hy sy magte onpartydig en behoorlik sal gebruik.

### ARTIKEL 21

1. Die Hof sal sy President en Vise-president vir drie jaar verkies, en hulle mag herverkies word.
2. Die Hof sal sy Registrateur aanstel en kan voorsiening maak vir die aanstelling van ander beamptes, soos nodig.

### ARTIKEL 22

1. Die setel van die Hof is in Den Haag. Dit sal egter nie die Hof verhinder om indien nodig elders sittings te hou en take uit te voer nie.
2. Die President en die Registrateur sal woonagtig wees by die setel van die Hof.

### ARTIKEL 23

1. Die Hof sal permanent in sitting wees, behalwe gedurende regs vakansies, en die datums en duur sal deur die Hof bepaal word.

2. Lede van die hof kan op vakansie aanspraak maak, en die datum en duur daarvan sal deur die Hof bepaal word, met inagneming van die afstand tussen Den Haag en die tuiste van elke regter.

3. Lede van die Hof is onder 'n verpligting om permanent vir die Hof beskikbaar te wees, tensy hulle met vakansie is of deur siekte of ander redes bekend aan die President, verhoed word om sittings by te woon.

## Artikel 24

1. Indien 'n lid van die Hof om een of ander spesiale rede beluit dat hy nie behoort deel te neem aan die uitspraak oor 'n bepaalde saak nie, moet hy die President inlig.

2. Indien die President besluit dat een van die lede van die Hof nie in 'n bepaalde saak behoort te sit nie, sal hy die lid dienooreenkomstig inlig.

3. Indien die lid van die Hof en die President in so 'n geval nie saamstem nie, sal die aangeleentheid deur 'n Hofuitspraak beslis word.

## Artikel 25

1. Die volle Hof sal 'n sitting hou behalwe waar dit uitdruklik in die huidige Statute anders bepaal word.

2. Onderworpe aan die bepaling dat die getal regters beskikbaar om die hof te verteenwoordig

nie minder as elf is nie, kan die Reëls van die Hof vir die afwesigheid van een of meer regters voorsiening maak, afhangende van omstandighede en rotasie.

3. 'n Kworum van nege regters is genoeg vir die samestelling van die Hof.

## ARTIKEL 26

1. Die Hof kan van tyd tot tyd een of meer kamers vorm wat uit drie of meer regters bestaan soos deur die Hof bepaal om spesifieke kategorieë van sake te hanteer, byvoorbeeld sake wat handel oor arbeidsaangeleenthede en sake wat verband hou met kommunikasie.

2. Die Hof kan van tyd tot tyd, te eniger tyd, 'n kamer vorm om 'n spesifieke saak te hanteer. Die aantal regters waaruit so 'n kamer bestaan sal deur die Hof bepaal word met die goedkeuring van die partye.

3. Sake sal deur die kamers waarvoor daar in hierdie artikel voorsiening gemaak verhoor word indien die partye dit versoek.

## ARTIKEL 27

'n Uitspraak deur enige van die kamers beskryf in Artikels 26 en 29 sal as 'n Hofuitspraak beskou word.

## ARTIKEL 28

Die kamers voorsien in Artikels 26 en 29 mag, met die toestemming van die partye, op enige ander plek as Den Haag sittings hou en funksies uitoefen.

## ARTIKEL 29

Ten einde die spoedige verloop van sake te bevorder, sal die Hof jaarliks 'n kamer van vyf regters vorm wat, op versoek van die partye, sake deur summiere prosedure kan verhoor. Twee addisionele regters sal verkies word om die regters wat nie beskikbaar is nie te vervang.

## ARTIKEL 30

1. Die Hof sal sy funksies volgens vaste reëls uitvoer. Dit sal spesifieke reëls van prosedure vaslê.

2. Die Reëls van die Hof kan voorsiening maak vir assessors om sonder stemreg aan sittings van die hof of enige van die kamers deel te neem.

## ARTIKEL 31

1. Regters van dieselfde nasionaliteit as elk van die partye behou die reg om in die Hofsaak te sit.

2. Indien 'n lid van dieselfde nasionaliteit as een van die partye op die Bank is, kan enige ander party 'n regter kies. So 'n regter sal verkieslik vanuit

daardie persone wat genomineer is volgens Artikels 4 en 5, gekies word.

3. Indien die Hof geen regter op die Bank van dieselfde nasionaliteit as een van die partye het nie, kan elk van hierdie partye voortgaan om 'n regter te kies soos beskryf in paragraaf 2 van hierdie Artikel.

4. Die bepalings van hierdie Artikel sal van toepassing wees in die gevalle van Artikels 26 en 29. In sulke gevalle sal die President een of indien nodig, twee van die lede van die Hof wat die kamer uitmaak versoek om plek te maak vir die lede van die Hof wat tot die nasionaliteit van die betrokke partye behoort, en indien dit nie moontlik is nie, of indien hulle nie teenwoordig kan wees nie, vir die regters spesiaal verkies deur die partye.

5. Indien daar verskeie partye met dieselfde belang is sal hulle vir die doeleindes van die voorafgaande bepalings, as een party beskou word. Enige twyfel omtrent hierdie aangeleentheid sal geskik word deur 'n hofsbeslissing.

6. Regters verkies soos bepaal in Artikels 2, 3, en 4 van hierdie Artikel sal die voorwaardes van Artikels 2, 17 (paragraaf 2), 20 en 24 van die huidige Statute nakom. Hulle sal deelneem aan die besluit in totale gelykheid met hul kollegas.

## ARTIKEL 32

1. Elke lid van die Hof sal 'n jaarlike salaris ontvang.

2. Die President sal 'n spesiale jaarlikse toelaag ontvang.

3. Die Vise-President sal 'n spesiale toelaag vir elke dag wat hy as President waarneem ontvang.

4. Die regters verkies volgens Artikel 31, buiten lede van die Hof, sal kompensasie ontvang vir elke dag waarop hulle hul funksies uitvoer.

5. Hierdie salarisse, toelae, en kompensasie sal deur die Algemene Vergadering bepaal word. Dit mag nie tydens die ampstermyn verminder word nie.

6. Die salaris van die Registrateur sal volgens 'n voorstel van die Hof deur die Algemene Vergadering bepaal word.

7. Regulasies wat deur die Algemene Vergadering gemaak word sal die voorwaardes bepaal waaronder aftreepensioene aan lede van die Hof en die Registrateur betaal word en waaronder lede van die Hof en die Registrateur hul reisonkostes kan terugeis.

8. Bogenoemde salarisse, toelae en kompensasie sal belastingvry wees.

### Artikel 33

Die onkostes van die Hof sal deur die Verenigde Volke gedra word volgens bepalings deur die Algemene Vergadering.

## Hoofstuk II

# BEVOEGDHEID VAN DIE HOF

### Artikel 34

1. Slegs state mag partye wees tot sake voor die Hof.

2. Die Hof, onderworpe aan en volgens sy Reëls, kan inligting versoek van publieke internasionale organisasies omtrent die sake onder verhoor, en sal sodanige inligting wat deur die organisasies op eie inisiatief voorsien word ontvang.

3. Waneer die konstruksie van die grondwetlike akte van 'n openbare internasionale organisasie of van 'n internasionale konvensie wat daaronder aanvaar word tydens 'n verhoor bevraagteken word, sal die Registrateur die openbare internasionale organisasie ooreenkomstig inlig en aan dit afskrifte voorsien van al die geskrewe verrigtinge.

## Artikel 35

1. Die Hof sal oop wees vir state wat partye is tot die huidige Statute.

2. Die voorwaardes waaronder die Hof oop sal wees vir ander state, onderworpe aan spesiale voorwaardes ingesluit in geldige ooreenkomste, sal bepaal word deur die Veiligheidsraad, maar in geen geval sal sulke voorwaardes die partye in 'n ongelyke posisie voor die Hof plaas nie.

3. Waneer 'n staat wat nie 'n Lid is van die Verenigde Volke nie 'n party is tot 'n saak, sal die Hof die bedrag wat deur die party tot die uitgawes van die Hof bygedra moet word, bepaal. Hierdie bepaling is ongeldig waneer die staat 'n deel van die onkostes van die Hof dra.

## Artikel 36

1. Die jurisdiksie van die Hof beslaan alle sake wat deur die partye na die Hof verwys word en alle sake waarvoor spesiale voorsiening in die Handves van die Verenigde Volke of in ooreenkomste of konvensies van krag gemaak word.

2. Die state wat partye is tot die huidige Statute kan te eniger tyd verklaar dat hulle die jurisdiksie van die Hof in alle geregtelike dispute as verpligtend ipso facto en sonder spesiale ooreenkomste aanvaar, in verhouding tot enige

ander staat wat dieselfde voorwaarde aanvaar, met betrekking tot:

a. die interpretasie van 'n ooreenkoms;

b. enige aangeleentheid rakende internasionale reg

c. die bestaan van enige feit wat 'n skending van internasionale verpligting sou beteken.

d. die aard van kompensasie wat gemaak moet word vir die skending van internasionale verpligting.

3. Die verklarings waarna verwys word kan onvoorwaardelik of op voorwaarde van wedersydse vergoeding namens verskeie of sekere state gemaak word, of vir 'n sekere tydperk.

4. Sulke verklarings kan by die Sekretaris-generaal van die Verenigde Volke ingedien word, wie afskrifte daarvan aan die partye tot die Statute en die Registrateur van die Hof sal voorsien.

5. Verklarings onder Artikel 36 van die Statute van die Permanente Wêreldhof en wat nog steeds van krag is, sal, soos tussen die partye tot die huidige Statute, as aanvaarding van die verpligte jurisdiksie van die Wêreldhof vir die tydperk en volgens die voorwaardes wat hulle in werking is beskou word.

6. Tydens 'n dispuut oor die jurisdiksie van die Hof, sal die saak deur 'n Hofsbeslissing geskik word.

## Artikel 37

Waneer 'n ooreenkoms of geldige konvensie voorsiening maak vir die verwysing van 'n saak na 'n tribunaal wat deur die Volkebond ingestel is, of na die Permanente Wêreldhof, sal die saak, soos tussen die partye tot die huidige Statute, na die Wêreldhof verwys word.

## Artikel 38

1. Die Hof, wat die taak het om volgens internasionale reg uitspraak te lewer oor dispute wat daaraan voorgelê word, sal die volgende toepas:

a.internasionale konvensies, hetsy algemeen of spesifiek, wat reëls neerlê soos erken deur die strydende state;

b.internasionale gebruike soos 'n algemene praktyk wat as wet aanvaar word;

c. die algemene beginsels van gereg erken in beskaafde lande;

d. onderworpe aan die bepalings van Artikel 59, geregtelike besluite en advies van die hoogs gekwalifiseerde regsdeskundiges van onderskeie nasies, as bykomende maniere om die reëls van die wet te bepaal.

2. Hierdie bepaling sal nie die mag van die wet bevooroordeel om 'n saak ex aequo et bono te beslis nie, indien die partye daartoe instem.

# Hoofstuk III

# PROSEDURE

## Artikel 39

1. Die amptelike tale van die Hof is Frans en Engels. Indien die partye daartoe instem, sal die saak in Frans verhoor word en uitspraak sal in Frans wees. Indien die partye wil hê dat die saak in Engels verhoor word, sal uitspraak in Engels gelewer word.

2. Indien geen ooreenkoms bereik kan word oor die taal waarin die verhoor moet plaasvind nie, kan elke party die taal van sy keuse tydens die verhoor gebruik. Die uitspraak van die Hof sal in Frans en Engels gegee word. In hierdie geval sal die hof ook bepaal watter een van die twee tekste as gesaghebbend beskou word.

3. Die Hof sal, op versoek deur enige party, 'n ander taal as Engels of Frans goedkeur.

## Artikel 40

1. Sake kan deur middel van die verwittiging van 'n spesiale ooreenkoms of 'n geskrewe aansoek wat aan die Registrateur geadresseer is, voor die Hof gebring word. Die aard van die dispuut en die betrokke partye sal in elke geval aangedui word.

2. Die Registrateur sal alle betrokke partye van die aansoek verwittig.

3. Hy sal ook die Lede van die Verenigde Volke deur die Sekretaris-generaal inlig en enige ander state wat die reg het om voor die Hof te verskyn.

## Artikel 41

1. Indien die Hof van mening is dat omstandighede dit vereis, is dit by magte om enige voorwaardelike maatreëls te bepaal ten einde elke party se afsonderlike regte te beskerm.

2. Tot en met 'n finale besluit geneem is, sal die voorgestelde maatreëls aan die partye en die Veiligheidraad oorgedra word.

## Artikel 42

1. Die partye sal deur agente verteenwoordig word.

2. Hulle kan die hulp van raadgewers of advokate voor die Hof inwin.

3. Die agente, raadgewers en advokate van partye wat voor die Hof verskyn, sal die voorregte en immuniteite wat nodig is in die uitvoering van hul pligte ontvang.

## Artikel 43

1. Die prosedure sal uit twee dele bestaan: geskrewe en mondeling.

2. Die geskrewe prosedure sal uit die oordrag van versoekskrifte, teenversoekskrifte, en indien nodig, reaksie op die skrifte en asook alle ondersteunende dokumentasie, aan die Hof en betrokke partye bestaan.

3. Die oordragte sal deur middel van die Registrateur plaasvind, in die volgorde en binne die tydperk wat deur die Hof bepaal word.

4.'n Gesertifiseerde afskrif van elke dokument wat deur een party gemaak word sal aan die ander party oorhandig word.

5. Die mondelinge verrigtinge bestaan uit 'n verhoor in die Hof met getuies, deskundiges, agente, raadgewers en advokate.

## ARTIKEL 44

1. Indien 'n kennisgewing op iemand buiten die agente, raadgewers en advokate bestel moet word, sal die Hof direk by die regering van die staat op wie se grondgebied die kennisgewing gedien word, aansoek doen.

2. Dieselfde bepaling is van toepassing wanneer stappe gedoen moet word om dadelik getuienis te verkry.

## ARTIKEL 45

Die verhoor vind onder die voorsitterskap van die President plaas en indien hy nie beskikbaar is

nie, onder die Vise-president. Indien geeneen kan waarneem nie, sal die senior regter teenwoordig waarneem.

### Artikel 46

Die verhoor in die Hof is openbaar wees, tensy die Hof anders besluit of die partye vereis dat die publiek nie toegelaat word nie.

### Artikel 47

1. Notule sal tydens elke verhoor geneem word en sal deur die Registrateur en die President geteken word.
2. Slegs daardie notule sal geldig en eg wees.

### Artikel 48

Die Hof sal bepalings vir die verloop van elke saak maak, die vorm en tyd waarin elke party sy argumente moet saamvat bepaal en alle reëlings vir die afneem van getuienis tref.

### Artikel 49

Die Hof mag, selfs voordat die verhoor begin, hom op die agente beroep om enige dokument te voorsien of enige verklarings te maak. Enige weiering sal formeel aangeteken word.

## Artikel 50

Die Hof mag, ter enige tyd, die ondersoek of gespesialiseerde opinie aan enige individu, liggaam, buro, kommissie of ander organisasie opdra.

## Artikel 51

Tydens die verhoor kan enige relevante vrae aan die getuies of deskundiges gerig word, onder voorwaardes deur die Hof bepaal in die reëls van prosedure beskryf in Artikel 30.

## Artikel 52

Sodra die Hof bewyse van getuienis binne die tydperk wat vir die doel bepaal is,ontvang het, kan dit weier om enige verdere mondelinge of geskrewe getuienis wat deur een party aangebied word, te aanvaar, tensy die ander party toestemming gee.

## Artikel 53

1. Wanneer een van die partye nie voor die Hof verskyn nie, of versuim om die saak te verdedig, kan die ander party hom op die Hof beroep om die saak in sy guns te beslis.

2. Die Hof moet, voordat dit so 'n beslissing maak, homself vergewis dat dit nie net jurisdiksie volgens Artikels 36 en 37 het nie, maar ook dat die eis goeie feitelike en geregtelike geloofwaardigheid het.

## Artikel 54

1. Sodra die agente, adviseurs en advokate hul voorleggings van die saak onder die Hof voltooi het, sal die President die verhoor afsluit.

2. Die Hof sal onttrek om die uitspraak te oorweeg.

3. Die beraadslagings van die Hof sal privaat geskied en geheim bly.

## Artikel 55

1. Alle aangeleenthede sal beslis word deur 'n meerderheid van die regters teenwoordig.

2. Indien daar 'n gelyke aantal stemme is, sal die President of die Regter wat in sy plek waarneem 'n beslissende stem hê.

## Artikel 56

1. Die redes waarop uitspraak gebasseer is sal verklaar word.

2. Dit sal die name van die regters wat aan die uitspraak deelgeneem het insluit.

## Artikel 57

Indien die uitspraak nie die eenparige opinie van die regters in geheel of gedeeltelik insluit nie, sal enige regter geregtig wees om 'n afsonderlike opinie te lug.

## Artikel 58

Die uitspraak sal deur die President en die Registrateur geteken word. Nadat die agente in kennis gestel is, sal dit in 'n ope hof gelees word.

## Artikel 59

Die besluit van die Hof het geen bindende mag behalwe tussen die partye en ten opsigte van daardie spesifieke saak nie.

## Artikel 60

Die uitspraak is finaal en sonder appel. Indien 'n dispuut ontstaan oor die betekenis en bestek van die uitspraak, sal die Hof dit op versoek van enige party verklaar of uitlê.

## Artikel 61

1. 'n Aansoek om hersiening van 'n uitspraak kan gemaak word indien dit op die ontdekking van 'n feit wat 'n deurslaggewende faktor kan wees gebasseer is en indien die feit, toe uitspraak gelewer was, onbekend aan die Hof was en ook aan die party wat hersiening aanvra; met dien verstande dat die party nie onbewus was van die bestaan van die feit as gevolg van nalatigheid nie.

2. Die verrigtinge vir hersiening sal deur 'n beslissing van die Hof geopen word, wat uitdruklik

kennis neem van die bestaan van die nuwe feit, en erken dat dit van so 'n aard is dat dit die saak vir hersiening oopmaak, en verklaar dat die aansoek op sulke gronde toelaatbaar is.

3. Die Hof kan voorafgaande nakoming van die voorwaardes van die beslissing vereis voordat dit verrigtinge ter hersiening toelaat.

4. Die aansoek vir hersiening moet ten minste ses maande na die ontdekking van die nuwe feit gemaak word.

5. Geen aansoek om hersiening mag gemaak word na verstryking van tien jaar vanaf die datum van uitspraak nie.

## Artikel 62

1. Indien 'n staat van mening is dat dit 'n geregtelike belang wat deur die beslissing geraak gaan word, kan dit 'n versoek aan die Hof rig dat dit toegelaat word om tussenbeide te tree.

2. Die Hof sal besluit of dit die versoek sal toestaan of nie.

## Artikel 63

1. Indien die konstruksie van 'n konvensie, waartoe ander state buiten die partye wat by die saak betrokke is ingedrang kom, sal die Registrateur al sulke state ooreenkomstig inlig.

2. Elke staat wat so ingelig is het die reg om

aan die verrigtinge deel te neem; maar as dit hierdie reg gebruik, sal die konstruksie wat deur die uitspraak gegee ook vir hulle bindend wees.

### Artikel 64

Elke party sal hul eie onkoste dra, tensy die Hof anders besluit.

## Hoofstuk IV

## RAADGEWENDE OPINIES

### Artikel 65

1. Volgens die Handves van die Verenigde Volke kan die Hof, op versoek van enige liggaam wat gemagtig is om so 'n versoek te rig, 'n raadgewende opinie oor enige geregtelike aangeleentheid lewer.

2. Aangeleenthede waaroor die raadgewende opinie van die Hof aangevra word, kan deur middel van 'n geskrewe versoek wat 'n presiese verklaring van die aangeleentheid waarvoor die opinie benodig word bevat tesame met alle dokumente wat lig op die saak kan werp, voor die Hof gebring word.

### Artikel 66

1. Die Registrateur sal dienooreenkomstig aan alle state wat die reg het om voor die Hof te verskyn

van die versoek om die adviserende opinie in kennis stel.

2. Die Registrateur sal deur middel van 'n spesiale en direkte kennisgewing, enige staat wat geregtig is om voor die Hof te verskyn of enige internasionale organisasie wat deur die Hof — indien die Hof nie in sitting is nie, deur die President — oorweeg word, sou hulle moontlike inligting oor die aangeleentheid kan verskaf, verwittig dat die Hof bereid is om, binne 'n tydperk bepaal deur die President, geskrewe verklarings te ontvang, of dat die Hof bereid is om tydens 'n publieke verhoor mondelinge verklarings in verband met die aangeleentheid aan te hoor.

3. Indien enige so 'n staat die reg het om voor die Hof te verskyn, maar nie die spesiale kennisgewing beskryf in paragraaf 2 van hierdie Artikel ontvang het nie, kan so 'n staat vra om 'n geskrewe verklaring te maak wat verhoor sal word waaroor die Hof sal besluit.

4. State en Organisasies wat geskrewe en mondelinge verklarings of albei voorgelê het, sal toegelaat word om kommentaar oor die verklarings wat in die vorm deur ander state organisasies afgelê is, tot 'n mate en binne die tydperk bepaal deur die Hof, of indien dit nie sit nie, die President, te lewer. Die registrateur sal ook enige sulke geskrewe verklarings aan die state en organisasies wat

soortgelyke verklarings gemaak het kommunikeer.

### Artikel 67

Nadat kennis aan die Sekretaris-generaal en die verteenwoordigers van die Lede van die Verenigde Volke, verteenwoordigers van ander state en van internasionale organisasies wat direk betrokke is, gegee is, sal die Hof sy raadgewende opinies in ope hof bekend maak.

### Artikel 68

In die uitvoering van sy raadgewende funksies, sal die Hof deur die bepalings van die huidige Statute wat van toepassing is, in aanvegbare sake gelei word, tot die mate wat dit die bepalings as toepaslik beskou.

## Hoofstuk V

## WYSIGING

### Artikel 69

Wysigings aan die huidige Statute sal op dieselfde wyse as voorsien in die Handves van die Verenigde Volke vir amendemente tot die Handves geraak word, onderworpe aan enige bepalings wat op aanbeveling van die Veiligheidsraad deur die Algemene Vergadering rakende die deelname van

state wat partye tot die huidige Statute, maar nie Lede van die Verenigde Volke is nie, aanvaar word.

## ARTIKEL 70

Die Hof het die reg om, soos nodig, deur middel van geskrewe kennisgewing aan die Sekretaris-generaal vir oorweging in terme van die bepalings van Artikel 69, wysigings aan die huidige Statute voor te stel.